

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

## DIE SHABBAT

### LES 9: DIE SHABBAT EN LEERSTELLINGS VAN MENSE.

#### Inleiding

1. In Les 8 is geskiedkundige bewys gelewer dat die Shabbatsgebod deur mense, naamlik die Rooms Katolieke Kerk, opgehef is. Sondag as die "dag van die Here" (Sondagaanbidding) is dus 'n leerstelling van mense en word nie in die bladsye van die Skrifte gevind nie. Aangaande die leerstellings van mense het Yeshua die volgende gesê:

*Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. **Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooië van mense is.***

Matt. 15:8 en 9.

2. Hierdie woorde het Yeshua gespreek toe Hy die Farisëers daarop gewys het dat hulle die vyfde gebod van *eer jou vader en jou moeder* kragteloos (nutteloos) gemaak het deur hulle eie leerstelling. Yeshua het vir hulle gesê:

*Want God het bevel gegee en gesê: Eer jou vader en moeder; en: Hy wat vader of moeder vloek, moet sekerlik sterwe. Maar julle sê: Elkeen wat aan vader of moeder sê: enige voordeel wat u van my sou kan geniet, is 'n offergawe—dié hoef sy vader of sy moeder glad nie te eer nie.*

Matt. 15:4 en 5

Volgens hierdie leerstelling van die Farisëers kon jy gevrywaar word van die vyfde gebod deur 'n geskenk (offergawe), gewoonlik in die vorm van eiendom, aan die tempel en die tempeldiens te gee. Op grond hiervan het Yeshua vir hulle gesê: *So het julle dan die gebod van Elohiem kragteloos gemaak ter wille van julle oorlewering* (Matt. 15:6). Die Farisëers het dus hul eie gebod by YHWH se gebod gevoeg en op dié wyse die gesag van YHWH ondermyn en geminag.

3. Hierdie beskuldiging van Yeshua is nie net van toepassing op die vyfde gebod nie, maar op enige leerstelling van mense wat teenstrydig met die onderrig en instruksies (die Torah) van YHWH is. Die kerk staan vandag skuldig daaraan dat hulle die Shabbatsgebod kragteloos gemaak het deur mense te leer dat Sondagaanbidding in die plek van die Shabbat gekom

het. Die woorde van Yeshua die Messias weerklink steeds vandag in menige kerkgebou: **Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is!!!**

4. Volgens die Skrifte weet ons dat die Farisëers aanstoot geneem het toe hulle hierdie woorde van Yeshua gehoor het (Matt. 15:12). Hierop het Yeshua egter geantwoord:

**Elke plant wat my hemelse Vader nie geplant het nie, sal ontwortel word. Laat hulle staan; hulle is blinde leiers van blindes. En as 'n blinde 'n ander blinde lei, sal altwee in die sloot val.** Matt. 15:13 en 14

Geestelike leiers wat die leerstellings van mense verkondig is blinde leiers met blinde volgelinge. Sondagaanbidding is nie deur YHVH "geplant" nie!! Sondagaanbidding is besig om ontwortel te word. Die waarheid van die Skrifte sal die oë van die blindes open en hulle vrymaak om Yeshua te volg en nie hul blinde leiers nie!!

5. Wie het die Shabbat "geplant" (ingestel)?

*Want in ses dae **het YHVH** die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. **Daarom het YHVH die sabbatdag geseën en dit geheilig.*** Ex. 20:11

Die Wetgewer, YHVH die Almagtige, die hoogste gesag in die hemele en op aarde het die Shabbat ingestel en die mens beveel om dit as ewige insetting in alle geslagte te gedenk en dit af te sonder (te heilig)!!

6. Wie het die Shabbat opgehef en Sondagaanbidding "geplant" (ingestel)?

*We Catholics, then, have precisely the same authority for keeping Sunday holy, instead of Saturday, as we have for every other article of our creed; namely, the authority of "the church of the living God, the pillar and the ground of the truth" (1 Tim. 3:15); whereas you Protestants have really no authority whatever; for there is no authority for it in the Bible, and you will not allow that there can be authority for it anywhere else. Both you and we do, in fact, follow tradition in this matter; but we follow it believing it to be part of God's word, and the church to be its divinely appointed guardian and interpreter; you follow it, denouncing it all the time as a fallible and treacherous guide, which often makes the commandment of God of none affect. (Clifton Tracts, Vol. IV, article "A Question for All Bible Christians" page 15).*

Die Rooms Katolieke Kerk het haarself die gesag van YHVH toegeëien. Sy beskou haarself as *die pilaar en grondslag van die waarheid* (1 Tim. 3:15), asook die wetgewer wat YHVH se wet, Sy Torah, kan verander deur daarvan weg te neem en daaraan toe te voeg. Die Roomse Kerk is die blinde wat die blinde Protestante lei en albei val in die sloot. Albei wandel in die duisternis van Sondagaanbidding en minag die Almagtige se gesag!!

## 'n Onverganklike en Onbesmette en Onverwelklike erfenis

1. Ons lees in 1 Pet. 1:3 tot 5 die volgende:

*Geseënd is die Elohiem en Vader van ons Meester, Yahshua die Messias wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Yahshua die Messias uit die dode, sodat ons 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis kan ontvang, wat in die hemele bewaar is vir ons wat in die krag van Elohiem bewaar word **deur die geloof tot die verlossing wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd.** (Woord en Getuienis)*

2. Yeshua Messias is ons lewende hoop van 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis wat vir ons bewaar word en wat ons sal ontvang deur ons **geloof tot die verlossing**, wat gereed is om openbaar te word in die laaste tyd. Wie is dit wat YHVH se verlossing in die laaste dae sal ontvang?

*So sê Yahweh: Bewaar die reg en doen geregtigheid; **want my verlossing is naby** om te kom en my geregtigheid om geopenbaar te word. Geseënd is die mens wat dit doen en die seun van Adam wat daaraan vashou; **wat die Shabbat hou**, sodat hy dit nie ontwy nie, en sy hand weerhou, dat dit geen kwaad doen nie. Jes. 65:1 en 2 (Woord en Getuienis)*

Diegene wat die Shabbat gedenk as 'n dag aan YHVH gewy, sal uiteindelik die beloofde erfenis ontvang!

3. Hierdie belofte geld vir beide Israel en die vreemdeling wat hom by Israel aansluit. Dit geld vir jou en vir my – vir ons wat as die wilde olyftak op die mak olyfboom ingeplant is.

*En die uitlanders wat hulle by YHVH aangesluit het, om Hom te dien en om die Naam van YHVH lief te hê deur sy knegte te wees – elkeen **wat die Shabbat hou**, sodat hy dit nie onheilig nie, en hulle wat vashou aan my verbond, hulle sal Ek bring na my heilige berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in my huis van gebed; hulle brandoffers en hulle slagoffers sal welgevallig wees op my altaar; want my huis sal 'n huis van gebed genoem word vir al die volke. Jes. 65:6 en 7.*

4. In die laaste dae wanneer die wederkoms van Yeshua Messias verwag word, sal daar die gelowiges wees wat YHVH in Gees en waarheid liefhet en wat hulle vir YHVH sal afsonder (heilig) deur die Shabbat te onderhou. Dit is in hierdie dae wat die geroep van die profeet weer gehoor word:

*Roep uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes. Jes. 58:1.*

Wat is die oortredinge van die huis van Jakob (die volk van Vader-God)?

*Sy priesters verkrag my Torah en ontwy my afgesonderde dinge; tussen afgesonder en onafgesonderd maak hulle geen onderskeid nie, en die verskil tussen onrein en rein gee hulle nie te kenne nie; **daarby maak hulle hul oë toe vir my Shabbatte**; ja, Ek word onder hulle ontwy.  
Eseg. 22:26 (Woord en Getuienis)*

5. Die Shabbatsgebod moet herstel word en ons moet dit luidkeels verkondig. Dan sal ons genoem word: *Herbouer van gebreekte mure, hersteller van paaie, om bewoonbaar te maak* (Jes. 58:12). Wat behels die herstel van die Shabbat?

*As jy jou voet weerhou van die Shabbat – om nie jou sake op my afgesonderde dag te doen nie, en as jy die Shabbat 'n verlustiging noem en die afgesonderde dag van Yahweh hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal praat nie; dan sal jy jou verlustig in Yahweh, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Yaákov; want die mond van Yahweh het dit gesê. Jes. 58:13 en 14  
(Woord en Getuienis)*

Die herstel van die Shabbat behels om **nie** op hierdie dag jou eie sake en plesier te doen nie, maar om jou te verlustig in die Shabbat as 'n afgesonderde dag aan YHVH toegewy. Die Shabbat is 'n verlustiging en nie 'n las nie!!

6. Die kerk het egter hulle oë vir die Shabbat toegemaak (Eseg. 22:26) en dit as 'n las verklaar waarvan hulle bevry is. Die woorde van Esegïël is ook hier van toepassing, toe hy gesê het:

*En sy profete pleister vir hulle met los kalk deur valse gesigte te sien en vir hulle leuens te voorspel met die woorde: So sê die Meester Yahweh – terwyl Yahweh nie gepraat het nie. Eseg. 22:28 (Woord en Getuienis)*

'n Gebou wat met los kalk gebou en gepleister word, sal verbrokkel. Om die Shabbatsgebod op te hef en Sondag as die "dag van die Here" te verklaar, is soos om 'n muur met los kalk te bou. Dit sal nie standhou wanneer dit met die waarheid getoets word nie. Die woorde van YHVH sal die bouers van die muur, asook die bouwerk toets:

*Omdat, ja, omdat hulle my volk verlei het deur te sê: Vrede! terwyl daar geen vrede is nie; en as die volk 'n muur bou, kyk, dan bepleister hulle dit met los kalk; sê vir hulle wat met los kalk pleister, dat dit sal afval; daar sal 'n oorstromende stortreën kom; en julle, haelstene, sal val en 'n stormwind sal losbreek. En kyk, daar val die muur! Sal dan nie vir julle gesê word: Waar is die pleister waarmee julle gepleister het nie? Daarom, so sê die Meester Yahweh: Ja, Ek sal 'n stormwind in my gramskap laat losbreek, en daar sal 'n oorstromende stortreën kom in my toorn en haelstene in gramskap tot vernietiging. En Ek sal die muur afbreek wat julle met los kalk gepleister het, en dit op die grond gooi, sodat sy fondament blootgelê sal word; dan sal die stad val, en julle sal daarin*

*omkom; en julle sal weet dat Ek Yahweh is. En Ek sal my gramskap laat uitwoed teen die muur en teen hulle wat dit met los kalk gepleister het; en Ek sal vir julle sê: Weg is die muur! En weg is hulle wat dit gepleister het. Eseg. 13:10 tot 15 (Woord en Getuienis)*

7. Die vals profete verkondig dat Sondagaanbidding vrede met YHVH bewerkstellig. Dit is egter valse vrede. Hulle verkondig dat Sondagaanbidding die woorde van YHVH is, terwyl YHVH dit nooit gespreek het nie.

*Hulle het nietigheid gesien en leuenagtige waarsêery, hulle wat daar sê: Yahweh het gepraat – terwyl Yahweh hulle nie gestuur het nie; en dan wag hulle op vervulling van die woord! Eseg. 13:6 (Woord en Getuienis).*

8. Die wet van YHVH, die Torah, sonder die Shabbatsgebod is om met los kalk te bou en te pleister. In vele opsigte is Shabbat die "sement" wat vir die bouwerk aan YHVH se huis gebruik word. Die Shabbat is die "sement" waarmee die lewende stene saamgevoeg word tot 'n geestelike huis – 'n afgesonderde priesterdom wat geestelike offers bring wat aan YHVH deur Yeshua Messias welgevallig is (1 Pet. 2:5). Die Shabbat is die toets van gehoorsaamheid en dus die toets van opregte liefde vir YHVH (Verwys Les 1).

### **Shabbat en Goeie Werke**

1. Ons weet dat die skrifgeleerdes en die Fariseërs baie mensgemaakte wette by die onderrig en instruksies van YHVH gevoeg het. Hulle was skuldig aan wetsverering (*legalism*), naamlik die verheerliking van die wet ten koste van geloof, liefde en genade. Op die wyse het hulle van Torah 'n las gemaak en het hulle die doel van Torah ondermyn. Dit is in die lig hiervan wat die woorde van Yeshua in Matt. 11:28 en 29 ook gesien moet word:

*Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig.*

Vader-God se Torah is nie te swaar of ver nie, maar is naby ons – in ons mond en in ons hart om dit te doen (Deut. 30:11 tot 14; 1 Joh. 5:3). Die basis van Torah is liefdevolle onderrig vir die welsyn van die mens. YHVH se onderrig en instruksies is die van 'n liefdevolle Vader!

2. Ons studie oor Shabbat bevestig juis dat die skrifgeleerdes en die Fariseërs die Shabbatsgebod ook kragteloos gemaak het deur te sê dat jy nie op die Shabbat mag genees of goeie werke mag doen nie. Daarom het hulle Yeshua beskuldig dat Hy die Shabbatsgebod oortree. Hierdie beskouing oor Shabbat was egter strydig met wat Torah geleer het.

Daarom het Yeshua hulle soos volg geantwoord deur na Hosea 6:6 te verwys:

*Maar as julle geweet het wat dit beteken: Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie, sou julle die onskuldiges nie veroordeel het nie; want die Seun van die mens is Meester óók van die Shabbat. Matt. 12:7 en 8.*

- Die Shabbat is ook 'n dag waar ons die liefde van YHVH moet demonstreer deur ons goeie werke. Yeshua was ons voorbeeld en daarom het Hy ook op die Shabbat die siekes genees (Luk. 6:6 tot 11; Luk 13:10 tot 17; Joh. 5:1 tot 15; Joh. 9:1 tot 16). YHVH het behae in liefde en nie in offerande nie (Hos. 6:6). Ons bewys ons liefde vir YHVH deur die Shabbat te gedenk en dit af te sonder (te heilig). *Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie moeilik nie* (1 Joh. 5:3). Maar dan herinner Paulus ons ook daaraan dat *die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet* (Rom. 13:10). Ons moet ook Shabbat benut as 'n dag waar ons liefde aan ons naaste betoon. Dit is geoorloof om op Shabbat goed te doen (Luk. 6:9). Goeie werke is gepas op Shabbat.

*Elkeen wat glo dat Yahshua die Messias is, is uit God gebore; en elkeen wat die Vader liefhet, het ook die een lief wat uit Hom gebore is. Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie bewaar. 1 Joh. 5:1 en 2*

### **Opsommend:**

Shabbat is 'n loutere vreugde!!! Dit is die geleentheid vir die bruid en die Bruidegom om een dag van die week opsy te sit waar alle ander belange en die sorg van die lewe vergeet word. Diegene wat dit nog nie ervaar het nie is soos 'n blinde wat nog nooit die skoonheid van die skepping kon sien nie.

*To obey is better than sacrifice, the Lord hath said;  
To hearken when He commandeth, than an offering made.*

*All ye who say, "There is naught to do since Christ doth save,"  
Remember what He commands in the Book He gave.*

*Remeber only the doers of the word are blessed  
"Tis well to hear and to believe it, but to do is best.  
(F.E. Belden)*

### **BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE**

- Diegene wat die Shabbatsgebod eerbiedig word beskuldig van wetsverering. Tog het die mens 'n Sondagegebod ingestel wat eerbiedig moet word en dit word nie as wetsvereing beskou nie??!! Maak dit

hoegenaamd sin? Wat verkies jy: Om YHWH se gebod te eerbiedig of die gebod van mense?

2. Die siening of die wet (die Torah) 'n las of 'n vreugde is, word bepaal deur die mens se gesindheid. 'n Kind wat rebeleer beskou sy vader se opdragte as 'n las en 'n straf. 'n Kind wat gehoorsaam is, beskou sy vader se opdragte as liefdevolle onderrig en tot sy eie welsyn.
3. Elke Shabbat is 'n herinnering aan YHWH se skepping en Sy voorsiening in Yeshua Messias. Lees Psalm 92 – 'n lied vir die Shabbat.
4. Volgens Joodse oorlewering:
  - Moet die mens nie op Shabbat vas nie, want dit is 'n dag van vreugde.
  - Shabbat is 'n feesdag waar drie feesmaaltye geëet moet word en jy jou beste klere dra.
  - Sou Israel die Shabbat net een keer gedenk soos YHWH bedoel het dit gedenk moet word, sal Messias kom.

Hoewel hierdie volgens Joodse tradisie is, gee dit tog vir ons insae oor die Joodse (Hebreeuse) siening dat Shabbat 'n vreugde is en nie 'n las nie.

5. **Spr. 28:9** *Wie sy oor wegdraai om nie na die wet (Torah) te luister nie, selfs sy gebed is 'n gruwel.*
6. Is jy bereid om openlik Shabbat te gedenk al word jy deur familie en vriende verwerp? Indien Shabbat vir jou so belangrik en ook so 'n groot vreugde is, behoort jy bereid te wees om dit te doen!

*Ontvang YHWH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shalomgroete.  
Johan Kriel

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*